# Christen wees gewaarsku!

**Donderdag 7 Julie 2022**

Kom ons lees saam: **Kol 2:16-19**

**16** "Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie.

**17** Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.

**18** Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink,

**19** en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei."

**Waarskuwings is deel van ons daaglikse lewe.** Stop sê die rooi lig leer ons ons kinders. Pasop vir water en vuur leer ons ons kinders. Pasop vir diewe en moordenaars. Maar as ons so baie waarsku en elke dag waarsku val dit later op dowe ore, dan luister mense nie meer nie.

**Ook in die Bybel is daar baie waarskuwings.**

- **Die Here sê vir Esegiël**: **Eseg 3:17** "Mens, Ek het jou aangestel as 'n wag vir Israel: jy moet luister na wat Ek sê en hulle namens My waarsku."
- **Jesus waarsku ons**: **Mat 7:15** "Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe."

"Pas op (Waarsku Paulus in Kol 2:8) dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie."

- **Wees gewaarsku dat niemand jou oordeel nie! Kol 2:16,17**

Die probleem is dat baie mense die Bybel lees, en dan dink ons moet God dien deur wette na te kom, veral die Ou Testamentiese wette.
Paulus gee hier twee waarskuwings waarteen ons moet waak en waarop dit dui….

- ❖ Die basis van ons Vryheid. Vers 16a
- ❖ Die slawerny van wettisisme. Vers 16
- ❖ Die wette dui op Jesus Christus wie ons dien uit opregte dankbaarheid. Vers 17

**Die basis van ons Vryheid** is Jesus Christus se versoeningswerk aan die kruis. Jesus Christus het ons vrygekoop en vrygemaak van wetsonderhouding. Ons is vry om ten volle in dankbaarheid te lewe. Maar dit beteken nie dat ons maar roekeloos kan lewe nie,maar dat ons in gehoorsaamheid en dankbaarheid aan God wil lewe tot sy eer en verheerliking. Ons moet aan Jesus Christus vashou en elke dag God dank dat Jesus in ons plek aan die kruis gesterf het, opgestaan het en opgevaar het na die hemel waar Hy nou vir ons plek voorberei.

Paulus leer ook aan ons in **1 Kor 15:58**: "Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."

**Die slawerny van wettisisme. Vers 16** Baie gelowiges wil nog wette nakom om daardeur jou geestelikheid te bewys of te verwerf of te beleef. Paulus sê die volgende: **Kol 2:16** "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie," ***'83 vertaling*** "Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie."

Die bedoeling is moet nie hierdie dinge doen om daardeur jou saligheid te verdien nie. Maar as jy dit nakom om in dankbaarheid tot eer van God te leef, en 'n toegewyde lewe aan Hom te wil leef is dit goed. Maar Christus het ten volle alle wette nagekom sodat ons in Vryheid tot Sy eer kan leef en werk.

**2 Kor 5:9** "Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil."

Jy gaan nie hemel toe omdat jy wette na kom en so jou verlossing verdien nie. Die belangrike woord in hierdie gedagte-eenheid is die eerste woord in vers 16 "Daarom…of… dan…"

**Die seëninge van ons genade lê in Jesus Christus. vers 17**

In en deur Jesus Christus het ons die ewige lewe. In en deur Jesus Christus wil ons graag gelei deur die Heilige Gees Hom alleen dien met ons Hele hart en ons Hele verstand en Al ons kragte. Daarom wil ons in Liefde vir God en Liefde vir ons naaste ons hele lewe daaraan toewy om God lief te hê in ons gedagtes, woorde en ons werke.

- Moet daarom nie mense veroordeel nie.
- Moet nie van mense verwag om te leef soos jy wil nie.
- Haat wel die sonde.
- Maar wees lief vir die mense deur 'n voorbeeld te wees en deur te dien.
- Jesus Christus het sy dissipels se voete gewas.
- Jesus Christus het gewaarsku, maar altyd in liefde.

**Kom ons bid**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***